

## Hoofstuk VII

### TRANSVAAL

#### 1. Die Periode 1836-1899

Soos in die geval van die Trekkers wat hulle in Natal en die Oranje Vrystaat gevestig het, het ook die nuwe bewoners van die Transvaal vir die eerste jare van hulle verblyf in die nuwe gebied grootliks self vir die onderwys van hulle kinders gesorg en noodgedwonge ook van beskikbare rondreisende skoolmeesters gebruik gemaak.

Van besondere belang vir die begin van formele onderwys en onderwysreëlings in Transvaal was die belangstelling vanuit Nederland in die wel en wee van die nedersetters. As gevolg van hierdie belangstelling het Nederlanders vir meer as 'n driekwart eeu 'n baie belangrike rol in die onderwys van Transvaal gespeel.<sup>1)</sup> Die voorlopers van die Hollandse skoolmeesters was die here H. van der Linden, J.W. Spruyt en W. Poen wat in 1851 in Transvaal aangekom en elkeen 'n skool begin het. Van der Linden het op Potchefstroom begin onderwys gee, Spruyt op Rustenburg en Poen op Lydenburg.<sup>2)</sup>

- 
- 1) Van Coller, H.P. Onderwysersopleiding in Brittanje en in Transvaal met besondere verwysing na die Britse beïnvloeding hier te lande, veral gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu, p. 253.
  - 2) Lugtenburg, A.H. Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1836-1900, p. 39-43.

die eerste stappe om onderwysers in Transvaal op te lei, vind in 1859 plaas. In dié jaar word deur die Volksraad 'n skoolkommissie vir die skool op Potchefstroom aangestel.<sup>1)</sup> In opdrag van die Volksraad stel die kommissie 'n reglement vir goewermentsonderwysers op. Artikel 25 van die reglement bepaal dat elke onderwyser verplig was om 'n ondermeester by sy skool aan te stel. Die onderwyser was ook vir die ondermeester se salaris verantwoordelik.<sup>2)</sup> Die onderwysbevoegdheid en bekwaamheid van so 'n ondermeester word nie voorgeskryf nie.

Hierdie reglement is nog in dieselfde jaar deur die Volksraad onveranderd goedgekeur.<sup>3)</sup> Ook het die Volksraad 'n „Algemene Skoolkommissie” aangestel om die oppertoesig oor die onderwys in die Republiek uit te oefen.<sup>4)</sup> Een van die pligte van die kommissie was om vas te stel of onderwysers voldoen het aan die vereiste kwalifikasies om aangestel te word. In die

---

1) Van Coller, a.w., p. 260.

2) Lugtenburg, a.w., p. 66.

3) Van Coller, a.w., p. 261.

4) In hierdie verband skryf A.K. Bot: „En is dit nie merkwaardig dat in dieselfde jaar waarin „Die Zuid-Afrikaanse Republiek” tot stand gekom het, daar ook 'n Kommissie vir Onderwys in die lewe geroep is nie? Blyk daaruit nie duidelik dat die Boere groot waarde geheg het aan die opvoeding van die jeug nie?” (Kyk Bot, A.K. Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1836-1936, p. 14.)

geval van 'n ongekwalfiseerde persoon moes hulle hom eksamineer en 'n sertifikaat aan hom uitreik. Die eerste kandidaat wat ge-eksamineer is en 'n sertifikaat ontvang het was ene Cornelis Botha, 'n kwekeling te Potchefstroom onder meester Van der Linden.<sup>1)</sup> Die ondermeesters was dus in werklikheid kwekeling=onderwysers.

Dit is insiggewend dat in die jaar 1859 toe die stelsel in Transvaal, waarskynlik onder leiding van Nederlanders soos ds. Van der Hoff en dr. Poortman, in die reglement neergelê is, die kwekelingstelsel ook deur dr. Dale in die Kaapkolonie ingevoer is. Dit is dus onwaarskynlik dat die stelsel soos vervat in artikel 25 van die 1859-reglement van die Kaapkolonie oorgeneem is. Dis meer waarskynlik direk uit Holland afkomstig waar Kay Shuttleworth alreeds voor 1838 die stelsel in werking gesien het.<sup>2)</sup> In 1866 is 'n nuwe onderwyswet aangeneem om die reglement van 1859 te vervang.<sup>3)</sup> Die wet het nog nie

---

1) Lugtenburg, a.w., p. 68.

2) Ibid. Volgens hierdie gegewens beweer Van Coller dus verkeerdelik dat die stelsel via Holland van Engeland af hierheen oorgebring is. (Kyk Van Coller, H.P., a.w., pp. 262 en 302.) Steenkamp toon buitendien aan dat die gebruik van kwekeling (leerling-) onderwysers alreeds deur La Salle in 1684 ingevoer is. (Kyk Steenkamp, L.S., a.w., p. 137)

3) Coetzee, J. Chr. Onderwys in Transvaal 1838-1937, p. 29.

vir onderwysersopleiding voorsiening gemaak nie, so-  
dat die kwekelingstelsel nog die enigste opleidings=  
metode gebly het. President M.W. Pretorius is in  
1872 as president opgevolg deur ds. T.F. Burgers.  
In Burgers se onderwyswet van 1874 word die kwekeling=  
stelsel weer neergelê as die metode vir onderwysers=  
opleiding.<sup>1)</sup> Die Gimnasium wat deur die Burgerswet  
in 1876 te Pretoria in die lewe geroep is en, wat  
ook onderwysers sou kon oplei,<sup>2)</sup> het egter in 1877  
doodgeloop.

Toe Transvaal in 1877 deur Engeland geannek=  
seer is, is dr. J. Vacy Lyle as superintendent van  
onderwys aangestel. Hy het ook weer aanbeveel dat  
die twee skole op Pretoria en Potchefstroom moes  
oorgaan tot onderwysersopleiding deur middel van  
die kwekelingstelsel.

Met Transvaal se nuwe onafhanklikwording in  
1881 is ds. S.J. du Toit as die nuwe superintendent  
van onderwys aangestel. Hy het ook 'n nuwe onder=  
wyswet opgestel wat as wet nr. 1 van 1882 bekend  
staan.<sup>3)</sup> Na aanleiding van hierdie wet is die  
eerste normaalskool vir die opleiding van onderwysers  
in 1883 gestig. Van werklike opleiding het egter  
nie veel gekom nie omdat ds. du Toit sy onderwysers  
by voorkeur uit die Kaapkolonie en ander buurstates  
gewerf het.<sup>4)</sup>

---

1) Van Coller, a.w., p. 267.

2) Lugtenburg, a.w., p. 119.

3) Ibid., p. 135.

4) Van Coller, a.w., p. 277.

Onder dr. N. Mansvelt, wat vanaf 1891 as die nuwe superintendent van onderwys aangestel is, het daar uiteindelik rigting gekom in die opleiding van onderwysers. Dr. Mansvelt was verantwoordelik vir die opstelling van 'n nuwe onderwyswet, nl. wet nr. 8 van 1892. Ten opsigte van die opleiding van onderwysers het hy die gebruiklike metode van opleiding, nl. die kwekelingstelsel verder uitgebou, maar ook daadwerklike stappe gedoen om 'n opleidingsinrigting in die lewe te roep.

Wat sy kwekelingstelsel betref, het die onderwyswet die volgende bepalings bevat: Waar die leerlingtal van 'n skool minder as 46 beloop, het die skoolkommissie die reg om 'n kwekeling as hulp vir die onderwyser aan te stel. Waar die getal leerlinge 46 of meer, maar minder as 60 is, kan twee kwekelinge aangestel word as daar nie reeds 'n hulp- onderwyser is nie.<sup>1)</sup> As kwekelinge kan alleenlik leerlinge in aanmerking kom wat die diploma van die skoolwedstryd besit. Vir elke kwekeling wat die derdeklas-onderwyserseksamen suksesvol aflê, ontvang die hoof van die skool waar die kwekeling opgelei is, 'n honorarium van £20.<sup>2)</sup>

Hierdie kwekelingstelsel het gou veld gewen, soos blyk uit die jaarverslae van die superintendent

---

1) Van Coller, a.w., p. 284. 'n Hulponderwyser is 'n persoon wat die derdeklasdiploma besit het, m.a.w. dit was 'n gekwalifiseerde onderwyser.

2). Ibid., p. 285.

van onderwys, te wete 34 kwekelinge in 1895, 48 in 1897 en 86 in 1898.<sup>1)</sup>

Die kwekeling het gedurende die skoolure onder toesig van die hoof van die skool as assistent opgetree en dan nog minstens een uur per dag onderrig in sy eie eksamenvakke ontvang.<sup>2)</sup> Die kwekelingstelsel is verder uitgebou deur Wet nr. 14 van 1896. Artikel 7 het bepaal dat daar aan kwekelinge 'n salaris van £3 per maand toegeken word in skole waar daar tussen 20 en 30 leerlinge was.<sup>3)</sup>

Wat opleiding aan 'n spesiale opleidingsinrigting betref, sou die staatsgimnasium wat in 1892 geopen is, wel voorsiening maak vir die opleiding van onderwysers.<sup>4)</sup> Hierdie oogmerk is egter nooit verwezenlik nie, aangesien hierdie taak deur die staatsmodelskool en die staatsmeisieskool verrig is.<sup>5)</sup> Aan elk van hierdie twee skole was teen 1897 normaalafdelings verbonde. Hierdie twee normaalafdelings sou blykbaar ontwikkel het tot normaal skole,<sup>6)</sup> maar die Tweede Vryheidsoorlog het die skole teen die einde van 1899 laat doodloop.

---

1) Van Coller, a.w., p. 302.

2) Ibid.

3) Lugtenburg, a.w., p. 228.

4) Ibid., p. 217.

5) Ibid., p. 229.

6) Ibid., p. 231.

Teen die einde van die republikeinse tydperk was onderwysersopleiding dus feitlik uitsluitlik 'n praktiese opleiding, enersyds deur die kwekelingstelsel en andersyds deur die opleiding aan die twee genoemde skole, waar dit ook grootliks op 'n praktiese opleiding d.m.v. onderwysoefening in die laer klasse neergekom het. Opleiding aan die twee skole was egter van korte duur aangesien die modelskool eers vanaf 1895 en die meisieskool vanaf 1897 met hulle normaal-klasse begin het.<sup>1)</sup> Die kwekelingstelsel was dus tot in hierdie stadium by verre die belangrikste opleidingsmedium. Hieroor verklaar Lugtenburg: „Hierdie stelsel het teen die end taamlik begin werk en skrywer het onderwysers uit die periode die stelsel sterk hoor verdedig, selfs vandag nog”.<sup>2)</sup>

2. Die praktiese opleiding van onderwysers aan die provinsiale onderwysersopleidingsinrigtings sedert 1901.
  - a. Stigting van die eerste kolleges en die vestiging van hulle stelsels van praktiese opleiding

Tydens die Tweede Vryheidsoorlog is E.B. Sargant deur die Britse besettingsmagte as direkteur van onderwys vir albei die republike aangestel. Net soos in die geval van die Oranjerivier-kolonie — die gewese Oranje-Vrystaat — het Sargant in Transvaal ook nie die kwekelingstelsel weer laat herleef nie,<sup>3)</sup> maar so gou as moontlik oorgegaan tot die

---

1) Kellermann, a.w., p. 272.  
2) Lugtenburg, a.w., p. 228.  
3) Kyk bladsy 132.

stigting van onderwysersopleidingsinrigtings.

In sy eerste jaarverslag maak Sargant melding van die belangrikheid van onderwysersopleiding en beveel hy aan dat opleidingsentra gestig moet word. Hy stel inrigtings vir plattelandse gebiede voor wat 'n eenjarige opleiding verskaf en vir die stedelike gebiede inrigtings wat 'n driejarige kursus aanbied. Vir die driejarige diploma stel hy die matrikulasie-eksamen van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop as toelatings-vereiste.<sup>1)</sup> Net die volgende jaar is daar toe twee inrigtings gestig, nl. die Pretoriase Normaalkollege in September 1902 en die Johannesburgse Normaalkollege in Oktober 1902. Die Johannesburgse inrigting is egter in Maart 1903 tydelik met die Pretoriase Normaalkollege verenig.<sup>2)</sup>

Op 13 Augustus 1902 is Goewermentskennisgewing nr. 396 gepubliseer. Hierdie dokument vorm die basis vir opleiding van onderwysers en onderwyseresse. Onder andere bepaal dit dat die toelatingsvereiste vir opleiding aan 'n normaalkollege die matrikulasie-sertifikaat van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop of 'n gelykwaardige sertifikaat sal wees; dat die kursus vir die derdeklas-sertifikaat een jaar sal duur; dat die praktiese werk in metodes van onderrig en skoolbestuur ten minste een derde van die kursusjaar sal duur; dat daar 'n oefenskool

- 
- 1) Transvaal and Oranje River Colony. Report of the acting director of education, 30.6.1901, p. 13.
  - 2) Transvaalse Onderwysepartement. Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1903, p. 53.



aan elke normaalskool verbonde <sup>moet</sup> sal wees, maar dat  
alle staatskole ook beskikbaar <sup>moet</sup> sal wees vir oefen=  
derwys.<sup>1)</sup> Van elke student is verwag om twee weke  
van elke kwartaal of twee maande van die jaar in  
goedgekeurde skole deur te bring asook om twee uur  
per week demonstrasielesse by te woon.<sup>2)</sup>

In 1905 rapporteer die direkteur van onderwys  
dat daar voortaan twee diploma-kursusse sal wees,  
a) die derdeklas-diploma wat oor twee jaar sal strek  
en bedoel is vir studente sonder 'n matrikulasie-  
of 'n skooleindsertifikaat en  
b) die tweedeklas-diploma wat oor een jaar sal strek  
vir matrikulante en oor ses maande vir gegradueerdes.<sup>3)</sup>  
Dit blyk dus dat daar wel 'n behoefte bestaan het om  
die toelatingsvereiste te verlaag sodat nie-gematri=  
kuleerdes ook tot die opleiding toegelaat kon word.

Die aantal studente het vinnig toegeneem. Toe  
die Johannesburgse Normaalkollege weer in 1909 her=  
open is en die Heidelbergse inrigting ook in 1909  
amptelik as 'n normaalkollege begin funksioneer het  
— nadat daar al vanaf 1904 'n C.N.O.-normaalklas  
aan die Volksskool verbonde was<sup>4)</sup> — kon die direkteur  
van onderwys rapporteer dat daar 267 studente in 1909  
aan die drie normaalkolleges ingeskryf was, t.w. 130  
in Pretoria, 67 in Johannesburg en 70 in Heidelberg.<sup>5)</sup>

- 
- 1) Oberholzer, C.K. Die Pretoriase Normaalkollege.  
'n Terugblik oor vyftig jaar, p. 24.
  - 2) T.O.D. Verslag van die direkteur van onderwys,  
1903, p. 55.
  - 3) T.O.D. Verslag van D. v. O., 1905.
  - 4) Rademeyer, J.I. Geskiedenis van die Heidelbergse  
Onderwyskollege, 1909-1964, p. 14.
  - 5) T.O.D. Verslag van die D.v.O., 1909, p.22.

'n Belangrike mylpaal in die ontwikkeling van onderwysersopleiding is in 1908 bereik met die stigting van die Transvaalse Universiteitskollege in Pretoria. Samewerking tussen die nuwe universiteitskollege en die Pretoriase Normaalkollege het dadelik begin deur dat die Universiteitskollege die akademiese opleiding van die onderwysstudente kon waarneem.<sup>1)</sup>

Die patroon van die praktiese opleiding aan die drie normaalkolleges was teen die jare 1909-1910 redelik goed gevestig. Die drie kolleges het elkeen 'n eie stelsel van oefenonderwys ontwerp.

By die Pretoriase Normaalkollege kon veel meer aandag aan die professionele vorming en dus ook aan die praktiese opleiding gegee word as gevolg van die feit dat die T.U.K. vanaf 1909 die akademiese opleiding van die studente oorgeneem het. Vanaf 1909<sup>2)</sup> is die stelsel van daaglikse oefening in die skole in swang. Daarvolgens was daar voortdurend 'n groep van tussen vyftien en twintig studente vir een of twee weke by die skole besig met oefenonderwys. Studente moes op die wyse ses weke oefenonderwys per jaar gee, nl. een week elk in die eerste en die laaste kwartaal en twee weke elk gedurende die tweede en die derde kwartaal. Van drie tot sewe studente besoek een skool, al na gelang van die skool se vermoë om hulle te akkommodeer. Studente besoek elke kwartaal 'n ander skool en ook 'n ander klas.

---

1) Oberholzer, C.K. Die Pretoriase Normaalkollege, p. 73.

2) T.O.D. Direkteursverslag, 1910, pp. 229-231.

Die kollegepersoneel se aandeel aan die oefenonderwys is om elke week 'n ander skool te besoek en na een spesiaal voorbereide les van elke student te luister. Die les word gekritiseer, punte word daaraan toegeken en sowel die kritiek as die punte word aangeteken.<sup>1)</sup>

Die skoolpersoneel se aandeel is soos volg: Skoolhoofde gebruik hulle diskresie by die plasing van studente in klasse. In die reël word studente eers deur die hoofde toegesprek en onder andere ingelig oor skoolorganisasie en skoolbeheer. In die klasse luister studente na die onderwyser se lesse en kry ook die geleentheid om van tyd tot tyd 'n klas vir volle onderrig oor te neem. 'n Rapportvorm vir elke student word deur die kollege na elke skool gestuur vir voltooiing deur die klasonderwyser en vir ondertekening deur die skoolhoof.<sup>2)</sup>

In opdrag van die kollège hou die studente verslag van hulle bedrywighede en waarnemings in twee aparte boeke op die volgende wyse: In een boek word alle lesse wat hulle self gee, volledig uitgeskryf. In die ander word alle verslae van aangehoorde lesse en opmerkings insake die skoolorganisasie aangeteken. Die verslag word onder die volgende hoofde opgestel:

Eerste kwartaal: Lesse aangehoor.

Tweede kwartaal: i) Lesse aangehoor.

ii) Kurrikulum van die klas.

iii) Werkskemas.

iv) Roosters vir skool en klas.

---

1) T.O.D. Direkteursverslag, 1910, p. 229.

2) Ibid., p. 230.

- Derde kwartaal:
- i) Lesse aangehoor.
  - ii) Plan van die skoolgebou.
  - iii) Plan van die klaskamer.
  - iv) Notas in sake beligting en ventilasie van die klaskamer, skoonmaak van die skool.
  - v) Notas in sake organisasie, bv. verdeling van werk onder die personeel.

- Vierde kwartaal: Notas oor
- i) Dissipline.
  - ii) Samekomste, begin en sluit van skool.
  - iii) Straf.
  - iv) Metodes van registers hou, voorraadboeke.
  - v) Nasien van skrifte.<sup>1)</sup>

Afgesien van die gereelde oefenonderwys is die skool in Sunnyside van die begin af gebruik vir demonstrasielesse.<sup>2)</sup> Praktiese opleiding is ook by die kollege gegee, onder andere in die vorm van demonstrasieslesse deur studente self. So rapporteer die direkteur van onderwys, sir John Adamson, bv. oor twee lesse van studente en die bespreking daarna, wat hy bygewoon het: „De lessen waren slechts van matige aard, doch de diskussie waaraan leden van de staf en studenten deelnamen was degelijk en aanmoedigend”.<sup>3)</sup>

---

1) T.O.D. Direkteurverslag, 1910, p. 231.

2) Ibid., p. 229.

3) Ibid.

Wat die Heidelbergse Normaalkollege betref, was die reëlings vir skoolbesoeke teen 1910 soos volg: 'n Amptelike groep word in twee kleiner groepe verdeel, wat om die beurt skoolbesoeke aflê. Die skoolbesoeke vind elke kwartaal behalwe die eerste, vir tydperke van een tot twee weke plaas. Elke student berei vir elke dag 'n les voor, wat dan die volgende dag voor die onderwyser of 'n lid van die kollegepersoneel gegee word. Die studente maak aantekeninge van die besoeke aan die skole en skryf kort notas oor elke les wat hulle bygewoon het en oor sake wat hulle spesiaal opgeval het.<sup>1)</sup>

Ook hier het die direkteur van onderwys 'n inspeksiebesoek gebring en onder andere 'n student se kritiekles bygewoon. Hiervan skryf hy: „Ik luisterde naar een kritiese les, die gegeven werd, en nam deel in de bespreking die volgde. Met vuur namen de studenten deel aan deze technische oefening. Hun kommentaar op de verschillende punten gedurende de lessen opgedoken, was stelselmatig en deugdelijk; alles toonde dat er zorgvuldig gelet werd op deze tak van hun werk”.<sup>2)</sup>

Die stelsel van praktiese opleiding by die Johannesburgse Normaalkollege<sup>3)</sup> toon heelwat ooreenkomste met dié van die ander twee inrigtings. Wat oefenonderwys betref, besoek die studente 'n spesiaal uitgesoekte laerskool vir twee volle weke in elke kwartaal. Soos by die Pretoriase Normaalkollege is

---

1) T.O.D. Direkteursverslag, 1910, p. 219.

2) Ibid., p. 218. 3) Ibid., p. 223-24.

waar verskillende opdragte vir elke kwartaal. Hier agter, is die skoolbesoekprogram in 'n stygende orde van verantwoordelikeitsaanvaarding gerangskik. Die oefenonderwys in die eerste kwartaal word gebruik vir waarneming. „Zij hebben louter scherp waar te nemen en aantekeningen te maken”.<sup>1)</sup> Tydens die tweede kwartaal se besoek word na demonstrasielesse van die onderwyser en dosente geluister. Die lesse word agterna volledig bespreek en in verband gebring met die teoretiese studie aan die kollege. In die derde kwartaal gee die studente die volle twee weke klas in uitgesoekte lesse onder toesig van die onderwyser of dosente.

Tydens die vierde kwartaal se oefenonderwys word van studente verwag om voltyds klas te gee „... en alle werkzaamheden uit te voeren die in 't algemeen de leden van een schoolstaf ten deel vallen”.

By hierdie inrigting word gerapporteer dat die hoofde van besoekte skole begerig was om met die opleidingswerk te help en dat die lede van die skoolpersoneel groot en simpatieke belangstelling in die werk getoon het. Dikwels het die onderwysers die lesse „in den brede” met die studente bespreek.<sup>2)</sup>

Praktiese opleiding vind ook by die kollege plaas, onder andere deur middel van demonstrasielesse. Ook hier verhaal die direkteur van onderwys van sy

---

1) T.O.D., Direkteursverslag, 1910, p. 223.

2) Ibid., p. 224.

ondervinding: „Ik woonde een demonstratie-les in aardrijkskunde bij. Deze werd gegeeven door een van de studente aan zyn konfraters. De toestand is kunstmatig en ver verwyderd van die konkrete taak waarvoor die onderwyzer in die klaskamer staat".<sup>1)</sup>

Samevattend kan dus opgemerk word dat teen 1910, toe die eerste drie normaalkolleges goed gevestig was, die praktiese opleiding van die studente enersyds deur middel van demonstrasielesse by die kolleges en andersyds deur middel van oefenonderwys by nabygeleë skole, 'n belangrike deel van die studente se opleiding uitgemaak het. Die stelsel van die Pretoriase Normaal-kollege het veral doelgerigte waarneming beklemtoon en dié van Johannesburg 'n trapsgewyse inlywing in die praktyk van onderwysgee.

b. Die stelsels van oefen- en demonstrasieskole (1910-1935)

Beskuldigings wat soms teen onderwysersopleidingsinrigtings gemaak word, nl. dat hulle hoofsaaklik teoretiseer en weinig kontak met die praktyk soek, word weerspreek deur die talle pogings tot direkte skakeling met die praktyk wat die normaalkolleges se bedrywighede vanaf 1910 kenmerk. Die tydperk na 1910 tot ongeveer die jaar 1935 staan in die teken van volgehoue druk en beywering van die kant van die kolleges om self direkte voeling met die skoolpraktyk te behou, veral deur middel van oefen- en demonstrasieskole.

---

1) T.O.D., Direkteursverslag, 1910, p. 223.

Vanaf die stigting van die verskillende normaal=kolleges het hierdie inrigtings hulle begin beywer om die praktiese opleiding van die student onder werk=like skooltoestande te laat verloop. Desnieteenstaan=de is gepoog om die kollege nog beheer oor die studen=te en oor die praktiese opleiding te laat behou. So 'n toestand is moontlik as die opleidingsinrigting 'n oefenskool of demonstrasieskool<sup>1)</sup> onder sy beheer het.

Die goewermentskennisgewing nr. 396 van 1902 het wel bepaal dat 'n oefenskool aan alle normaal=kolleges verbonde <sup>moet</sup> sal wees.<sup>2)</sup> In die praktyk sou die pogings tot die stigting van hierdie soort skole aan

- 
- 1) Die terme oefenskool, demonstrasieskool en selfs modelskool is in al die provinsies taamlik willekeurig gebruik om dikwels dieselfde begrip aan te dui. Soms is een woord verkeerdelik i.p.v. die ander gebruik. (Kyk bv. hfst. V, p. 112, 113.) Volgens die letterlike betekenis is 'n oefenskool tog eintlik 'n skool waar studente sal oefen om onderwys te gee of desnoods ook waar nuwe onderwysmetodes ge-oefen (beproof) kan word; 'n demonstrasieskool hoofsaaklik een waar demonstrasielesse aan leerlinge voor studente gegee word. 'n Oefenskool kan volgens hierdie woord=verklarings ook by geleentheid 'n demonstrasieskool wees en ook andersom, vandaar waarskynlik die willekeurige gebruik. Die term modelskool is veral vroeër gebruik om 'n skool aan te dui wat deel van die opleidingsinrigting was en vir oefen- en demonstrasiedoeleindes gebruik is. (Kyk hfst. V, p. 111).
- 2) Kyk Oberholzer, C.K. Die Pretoriase Normaalkollege, p. 24.



Transvaalse normaalkolleges egter 'n veelbewoë geskiedenis deurmaak.

Die eerste pogings het in 1911 begin toe die direkteur van onderwys in sy jaarverslag oor die Johannesburgse Normaalkollege sy bedenkinge uitspreek teen die stuur van studente na 'n groep skole. „Daar is het duidelike punt dat het moegelikheid vermeerderd van bekend te worden met foutiewe methodes; en jonge onderwyzers moeten niet de rechte weg leren door de verkeerde weg te zien”.<sup>1)</sup> Om hierdie rede besluit die direkteur dat hy die Twiststraatskool gaan kies om as demonstrasieskool vir die kollege te dien.

Die Heidelbergse Normaalkollege het die behoefte aangevoel om 'n tipiese buiteskool of plaasskool vir demonstrasie- en oefendoeleindes beskikbaar te hê, omdat die meerderheid van hulle studente uiteindelik by sulke buiteskole sou gaan skoolhou.<sup>2)</sup>

In dié tyd het die Diocesanskool en die Sunnysideskool albei sekere klasse vir twee dae per week na die Pretoriase Normaalkollege gestuur, sodat die kollege vir alle praktiese doeleindes 'n volle getal demonstrasieskoolklasse tot hulle beskikking gehad het.<sup>3)</sup>

Pretoria en Johannesburg het dus begin om bestaande selfstandige skole vir oefen- en demonstrasie-

---

1) T.O.D. Direkteursverslag, 1911, p. 150.

2) Ibid., p. 147. 3) Ibid., p. 154.

doeleindes te gebruik.

Aan die Johannesburgse Normaalkollege het die geskiedenis van die oefen/demonstrasieskool soos volg verloop: Die Twiststraatskool is vanaf die aanvaarding van die nuwe reëling vir alle oefenonderwys en demonstrasiedoeleindes gebruik. Vir die kollege was dit volgens die prinsipaal se verslag van 1913 baie geriefliker om alle praktiese opleiding aan een skool te kon gee. Die skool het blykbaar ook goed saamgewerk, want die prinsipaal rapporteer soos volg: „The principal of the school has thrown himself into the work with vigour, and his series of lectures has been fully correlated with those delivered in the College itself”.<sup>1)</sup> Die goeie samewerking het egter nie lank geduur nie want in 1916 rapporteer die rektor dat die reëling met betrekking tot die oefenskool nie bevredigend is nie omdat die nodige samewerking ontbreek. Hy maak voorts die volgende belangrike aanbeveling: „... the only natural and efficient solution of this problem of the practical training of teachers is the erection of an experimental demonstration school, the control and organization of which would be directly under the training college authorities. Anything short of that is mere tinkering with the difficulty and probably represents both professional weakness and financial waste”.<sup>2)</sup>

---

1)

T.E.D. Report of Director, 1913, p. 58.

2) Ibid., Report, 1916, p. 88.

Die direkteur se oplossing vir die probleem was om 'n tweede skool, t.w. die Spes Bona-skool saam met die Twiststraatskool vir waarneming en oefening aan te wys.<sup>1)</sup> Die volgende jaar is alle praktiese werk egter weer slegs by die Spes Bona-skool gedoen. Nou word die patroon herhaal want terwyl die prinsipaal nog in 1918 opmerk dat die skoolhoof se ywer vir die praktiese werk, „permeates the whole institution”,<sup>2)</sup> lees ons in 1919 dat „the relationship between the College and the practising school still represents by far the weakest aspect of training work”.<sup>3)</sup> Dit is opvallend dat in albei bogenoemde gevalle die skoolhoofde entoesiasties begin saamwerk met en dat die verhouding met die kollege in albei gevalle weer gou versleg het. Die rede is moeilik aan te dui. Vir die prinsipaal lê die oplossing in die nouer skakeling van kollege en oefenskool. Hy vervolg: „Until closer union is secured and careful experimental work entered upon enthusiastically by the college lecturers and school teachers acting in concert, there will be constant loss of efficiency and little real advance in educational methods. This should be at once the most useful and the most fascinating part of a students' training, and as matters stand today, it is the part which is peculiarly weak and uninspiring”.<sup>4)</sup>

---

1) T.O.D. Verslag, 1917, p. 48.

2) T.E.D. Report, 1918, p. 80.

3) T.E.D. Report, 1919, p. 65.

4) Ibid.

As gevolg van die geïntegreerde akademiese en professionele kursusse wat die normaalkolleges vanaf 1921 in medewerking met die universiteite kon aanbied<sup>1)</sup> en die belangriker rol wat die opleiding vir onderwysers aan middelbare skole by die normaalkolleges begin speel het, het ook die behoefte aan oefenskole verander. Die prinsipaal beveel gevolglik aan dat die kollege 'n oefenafdeling moet hê, bestaande uit 'n groep skole, t.w. twee laerskole, een juniorskool en een hoërskool.<sup>2)</sup>

In sy laaste verslag as direkteur van onderwys spreek sir John Adamson hom in 1923 positief uit teenoor oefenskole. Ten opsigte van praktiese opleiding noem hy veral twee sake as essensieel, nl. eerstens 'n demonstrasie- en oefenskool verbonde aan elke kollege en tweedens besoeke aan gewone skole.<sup>3)</sup> Die nuwe direkteur, mnr. H.S. Scott, het blykbaar hierdie siening gedeel, want in 1925 beveel hy aan dat 'n demonstrasieskool (in teenstelling met 'n oefenskool) vir die Johannesburgse Normaalkollege aangewys moet word en dat die skool van spesiaal-uitgesoekte onderwysers voorsien moes word.<sup>4)</sup> Die volgende jaar het die kollege begin gebruik maak van 'n groep skole vir gewone oefenonderwys, terwyl die beloofde demonstrasieskool blykbaar eers 'n jaar of wat later begin funksioneer het. In 1929 rappor-

---

1) T.O.D. Verslag, 1921, p. 47.

2) Ibid., p. 93.

3) T.O.D. Verslag, 1923, p. 37.

4) T.O.D. Verslag, 1925, p. 22.

teer die prinsipaal dat die demonstrasieskool nie volgens sy opvatting van so 'n skool funksioneer nie.<sup>1)</sup> Van toe af het die kollege blykbaar belang verloor in oefenskole en demonstrasieskole, want behalwe vir terloopse opmerkings in die jaarverslae van later jare, het die kollege hom nooit weer, sover vasgestel kon word, in die rigting beywer nie.

Die Heidelbergse Normaalkollege se behoefte was, soos reeds vermeld, om 'n tipiese buiteskool of plaas-skool as oefen- en demonstrasieskool te hê. Dit is toe blykbaar aan hulle belowe, want in 1913 rapporteer die prinsipaal dat hulle uitsien na die plaas-skool wat te Rensburg — grensend aan Heidelberg — opgerig gaan word.<sup>2)</sup> Weens gebrek aan geld kon die skoolraad, wat vir die oprigting verantwoordelik sou wees, egter nie uitvoering aan die belofte gee nie.<sup>3)</sup> In die tussentyd het die kollege die twee dorpskole as sy oefenskole gebruik. Die prinsipaal noem in sy verslae van 1920 en 1922 egter dat die verband tussen die kollege en die oefenskole nog steeds die swak en mees onbevredigende punt in hulle opleidingstelsel is en dat dit die outoriteite se ernstige aandag verdien.<sup>4)</sup> Hierna het die kollege blykbaar die strewe na 'n eie oefen- en demonstrasieskool prysgegegee, want in 1934 rapporteer die rektor dat dit gewaardeer word dat die hoof van die Laer Volksskool sekere klasse vir demonstrasiedoeleindes beskikbaar stel, daar geen demonstrasieskool beskikbaar

---

1) T.O.D. Verslag, 1929, p. 32.

2) T.O.D. Verslag, 1913, p. 60.

3) T.O.D. Verslag, 1914, p. 66.

4) T.O.D. Verslag, 1920, p. 101; 1922, p. 52.

is nie.<sup>1)</sup> Die saak word in 1937 finaal afgemaak deur die hoofde en assistente by die skole waar die studente vir oefenonderwys geplaas word, as deel van die kollege-personeel te beskou!<sup>2)</sup>

Wat die Pretoriase Normaalkollege betref, word van die oorspronklike reëling, nl. die klasse wat vir demonstrasiedoeleindes na die kollege gestuur is,<sup>3)</sup> later nie weer melding gemaak nie. Dit is dus nie bekend hoe lank hierdie gebruik gevolg is nie.

Moontlik as gevolg van die versoek van die Heidelbergse Normaalkollege om studente die funksionering van 'n plaasskool te laat ondervind, besluit die departement in 1916 dat studente aan die Pretoriase Normaalkollege ervaring moet opdoen van onderwys op 'n plaasskool. Vir die doel is die skool by Honingnestkranz as demonstrasie-plaasskool gebruik. Mansstudente sou in groepe vir 'n week daarheen gaan. Grond is omgeploeg vir bewerking deur die leerlinge en die studente moes op 'n praktiese wyse kennis maak met die bewerking van skooltuine volgens die leerplan vir buiteskole.<sup>4)</sup> Hierdie reëling is die volgende jaar toegepas, maar het blykbaar daarna doodgeloop.

Die volgende ontwikkeling op die gebied van die oefen- en demonstrasieskool vind heelwat later in 1929

---

1) T.O.D. Verslag, 1934, p. 37.

2) T.O.D. Verslag, 1937, p. 118.

3) Kyk bladsy 154.

4) T.O.D. Verslag, 1916, p. 56.

plaas toe die Uitvoerende Komitee, na volgehoue en jarelange versoeke van die destydse prinsipaal, dr. N.M. Hoogenhout, die stigting van 'n modelskool onder direkte beheer van die kollege, goedkeur.<sup>1)</sup> Die skool het toe in 1930 met twee grade-klasse in 'n saal naby die kollege begin, maar na drie jaar se bestaan weer doodgeloop. As rede noem die prinsipaal die klein getal leerlinge wat by die skool ingeskryf het en sekere vooroordele wat by ouers bestaan het.<sup>2)</sup> Die skool was egter nie, soos in 1929 aangekondig, onder beheer van die kollege nie, want in 1934 verklar die nuwe prinsipaal, prof. J.S. van Heerden, dat dieskool nie 'n sukses was nie omdat dit 'n Engelse en 'n Afrikaanse klas gehad het, terwyl die kollege toe net 'n Afrikaanse inrigting was, en tweedens, aangesien daar geen direkte verband en samewerking tussen die skool en die kollege was nie, het die skool sy funksie as demonstrasieskool verloor. Hy verklaar verder: „The school must be an integral part of the College and the staffs should mutually have the liveliest interest in the work of the two institutions”.<sup>3)</sup> Die skool het blykbaar weer herleef maar is finaal aan die einde van 1935 gesluit omdat dit, volgens die prinsipaal, net in naam 'n demonstrasieskool was.<sup>4)</sup>

Hiermee eindig dan ook die Pretoriase Normaalkollege se pogings om 'n demonstrasieskool aan die gang te hou.

---

1) T.O.D. Verslag, 1929, p. 34.

2) T.O.D. Verslag, 1932, p. 61.

3) T.E.D. Report, 1934, p. 32.

4) T.O.D. Verslag, 1935, p. 30.

Die Potchefstroomse Normaalkollege is op 23 April 1919 geopen<sup>1)</sup> en het, wat die praktiese opleiding betref, dadelik begin om met verskillende skole in die dorp saam te werk. In sy eerste jaarverslag verklaar die prinsipaal egter dat die noodsaaklikheid van 'n oefenskool aan 'n normaalskool geen argument nodig het nie.<sup>2)</sup> Die kollege se pogings om 'n oefenskool te bekom, het uiteindelik in 1928 uitgeloop op die stigting van 'n oefenskool onder beheer van die kollege. Dit sou voorlopig gevestig wees in die ou geboue van die Gimnasium-hoërskool. Waar die skool sommer met die wegspring in 'n swak lig gestel is, as sou dit die leerlinge as proefkonyne gebruik vir die studente om op te eksperimenteer,<sup>3)</sup> het dit die volgende jaar goed gefunksioneer. In sy 1929-verslag noem die prinsipaal die skool nou 'n demonstrasieskool.<sup>4)</sup> Die gebruik was dat die leerlinge vir demonstrasielesse na die kollege gaan en dat die skool se permanente personeel gereeld samesprekings met die dosente van die kollege in verband met metodiek en algemene opvoedkundige prosedures gehou het. Die prinsipaal noem dat die doel van hierdie samesprekings nie was om eenvormigheid of eenstemmigheid te kry nie, maar om 'n wetenskaplike atmosfeer te skep waarin elke onderwyser objektief en onbevooroordeeld kon staan teenoor prosedures wat gevolg of ondersoek moes word.<sup>5)</sup>

---

1) Potchefstroomse Onderwyserskollege. Onderwysers=opleiding, p. 12.

2) T.O.D. Verslag, 1921, p. 95.

3) T.O.D. Verslag, 1928, p. 41.

4) T.O.D. Verslag, 1929, p. 32.

5) T.O.D. Verslag, 1929, p. 34.



Die gebruik om klasse van die skool na die kollege te neem, het nie bevredigend gewerk nie sodat die kollege vanaf 1932 die prosedure net omgedraai het en die dosente en studente na die demonstrasieskool laat gaan het vir demonstrasielesse en vir gewone klaswerk. Elke Donderdagoggend het 'n groep van veertig eerste- en tweedejaar diploma-studente by die skool onder toesig van die skoolpersoneel gewerk.<sup>1)</sup>

Die skool se voortbestaan het egter weer in die gedrang gekom toe verskillende ouers in 1934 hulle kinders onttrek het omdat die skool nie 'n skoolkomitee gehad het nie. Die stigting van spesiale klasse vir vertraagde kinders het ook 'n stigma aan die skool laat kleef omdat ouers onder die indruk was dat die skool 'n inrigting vir vertraagde kinders geword het.<sup>2)</sup> In 1935 besluit die direkteur van onderwys toe om die skool onder die beheer van die prinsipaal van die normaalkollege uit te neem en as selfstandige skool onder die sorg van die skoolraad te plaas.<sup>3)</sup> So eindig dan, na 'n ondervinding van agt jaar, ook die Potchefstroomse Normaalkollege se pogings om 'n eie skool as 'n demonstrasie- en oefenskool te laat funksioneer.

Oorsigtelik gesien, het die pogings om aan Transvaalse onderwyskolleges oefen- en demonstrasieskole met sukses aan die gang te hou, almal misluk. Dit

---

1) T.O.D. Verslag, 1932, p. 59.

2) T.O.D. Verslag, 1934, p. 37.

3) T.O.D. Verslag, 1935, p. 30.

is opvallend dat in die meeste gevalle waar 'n oefen- of demonstrasieskool volgens een of ander stelsel gefunksioneer het, sake aan die begin goed verloop het en party skoolhoofde selfs geesdriftig saamgewerk het. Probleme in verband met samewerking tussen skool en kollege het in die meeste gevalle 'n einde aan die onderneming gebring. Hier moet opgemerk word dat in nie een van die gevalle die oefenskool 'n integrale deel van die kollege was nie, dit wil sê nêrens was die hoof en personeel van die skool ook personeellede van die kollege nie. Die demonstrasieskool van die Potchefstroomse Normaalkollege was wel amptelik onder beheer van die kollege, maar daar is geen aanduidings dat die hoof en personeel van die skool as personeellede van die kollege beskou is nie.<sup>1)</sup>

c. Verdere ontwikkeling in die beplanning en organisasie van praktiese opleiding

(1) Oefenonderwys

Afgesien van die verskillende pogings om oefen- en demonstrasieskole aan die kolleges te vestig, is die stelsels van praktiese opleiding ten opsigte van oefenonderwys sedert die stigting van die kolleges voortdurend verander om aan te pas by veranderde omstandighede en nuwe insigte.

---

1) In die verband kan verwys word na die Paarlse Opleidingskollege, waar die hoofskap van die oefenskool omskryf is as assistent van die opleidingskollege met werksaamhede in die oefenskool (Kyk de Vries, C.G., a.w., p. 89.)

Na die vestiging van die eerste drie kolleges se onderskeie stelsels van oefenonderwys, het die Preto-riase Normaalkollege die eerste daartoe oorgegaan om hulle aanvanklike beleid te wysig. In 1911 het hulle nl. begin om oefenonderwys oor die hele jaar te versprei in plaas van twee weke in elke kwartaal. Die studente het toe twee dae elke week in die skole deurbring. Volgens die direkteur van onderwys het hierdie reëling bestendigheid gebring met betrekking tot die aanraking met die praktyk. Dit was nie met die vorige reëling die geval nie.<sup>1)</sup>

In 1912 het die departement 'n wysiging in die toelatingsvereiste tot die normaalkolleges aangebring, wat 'n direkte invloed op die praktiese opleiding uitgeoefen het. 'n Voorwaardelike toelating tot 'n normaalkollege is nl. slegs aan studente gegee wat beskik het oor 'n matrikulasie of die eerste (akademiese) gedeelte van die derdeklas-sertifikaat. Studente moes dan eers 'n proeftyd van ses maande in 'n aangewese Transvaalse skool deurloop. Gedurende die proeftydperk moes die kandidate skoolhou en hulle veral toelê op voorlees, skryf en teken op papier en op die skryfbord. Aan die einde van die tydperk moes hulle dan 'n toelatingseksamen doen in die bo genoemde aspekte.<sup>2)</sup> Persone wat die eksamen geslaag het, is dan tot 'n suiwer tweejarige professionele kursus toegelaat.<sup>3)</sup>

---

1)  
T.O.D. Verslag, 1911, p. 154.

2) a) Kellermann, a.w., p. 283.

b) Coetzee, J. Chr. Onderwys in Transvaal, p. 129.

3) T.O.D. Verslag, 1912, p. 124.

Hierdie stap beteken dus 'n verhoging van die toelatingsvereiste, 'n verlenging van die professionele opleiding,<sup>1)</sup> en 'n verpligte kwekelingskap. Die ses maande kwekelingskap was 'n ware tydperk van proef=onderwys waartydens die kandidaat se geskiktheid vir die onderwys vasgestel kon word en die kwekeling ook sy eie waarnemings ten opsigte van die toekomstige beroep en sy eie geskiktheid daarvoor kon maak.

Aan die kandidate wat nie die toelatingseksamen wat gevolg het op die ses maande proefonderwys geslaag het nie, het die Heidelbergse Normaalkollege hulle die geleentheid gegee om hulle weer vir 'n eksamen aan te meld nadat hulle verdere klasse aan die kollege gevolg en ook weer 'n verdere ses maande proefonderwys gaan gee het.<sup>2)</sup>

Die Heidelbergse en Pretoriase Normaalkolleges het albei hierdie reëling van proefonderwys verwelkom. In die prinsipaal van die Pretoriase Normaalkollege se jaarverslag vir 1913 verklaar hy dat, waar die studente vroeër as skoolseuns en -dogters by die kollege aangekom en hulle nog geen verandering in hulle gemoedstoestand ondergaan het nie, hulle na die tydperk van proefonderwys met hulle kursus begin vanuit die standpunt van die onderwyser. Hy vervolg: „Ze leren wat geen opleidingschool hen leren kan, iets van de werkelijkheid van hun toekomstige

---

1) Kyk bladsy 146.

2) T.O.D. Verslag, 1912, p. 124.

loopbaan, zijn moeilikheden en problemen. Zij zijn in die gelegenheid om te ontdekken of zij voor het onderwijzersambt geschikt zijn; en ten slotte beginnen ze hun opleidingskursus met een voorraad denkbeelden die hen de theoretische zijde van de kursus aan de normaalschool zal duidelik maken".<sup>1)</sup>

Die verlenging van die opleidingskursus en die verhoging van die toelatingsvereiste het onvermydelik 'n daling in die getalle van studente wat jaarliks die normaalskole verlaat tot gevolg gehad. In 1911 het die drie normaalskole 180 opgeleide onderwysers gelewer; in 1912 was die getal 121, in 1913 was dit 92 en in 1914 slegs 76.<sup>2)</sup> Byna 40% van die 693 onderwysers wat in 1914 in diens geneem is, was nog benede die matrikulasie-standaard.<sup>3)</sup> Die departement het dus in hierdie tyd noodgedwonge nog van ongekwalifiseerde onderwysers gebruik gemaak.

Om in die behoefte aan gekwalifiseerde onderwysers te voorsien, het die departement in 1919 daartoe oorgegaan om twee nuwe sentra vir die voorbereidende opleiding van onderwysers in die lewe te roep, t.w. die te Potchefstroom en Ermelo.<sup>4)</sup>

---

1) T.O.D. Verslag, 1913, p. 64.

2) Kellermann, a.w., p. 284. 3) T.O.D. Verslag, 1914, p. 31.

4) T.O.D. Verslag, 1918, p. 38. Die Johannesburgse Normaalkollege het alreeds vanaf 1914 voorbereidende klasse ingestel met die doel om 'n gereelde toevoer van bekwame studente na die kollege te verseker. (T.O.D. Verslag, 1914, p. 67.) In 1921 het hierdie twee inrigtings tot die geleedere van die normaalkolleges toegetree toe hulle met die werklike professionele opleiding begin het. (T.O.D. Verslag, 1921, p. 49.)

Die skema vir die voorbereidende opleiding van onderwysers het in hoofsaak daarop neergekom dat die kandidate minstens twee jaar moes wy aan die voorbereidende kursus. Gedurende hierdie tyd moes hulle jaarliks ses maande aan die sentra en ses maande aan gekose skole deurbring. Die werk aan die sentra sou feitlik dieselfde wees as die aan die middelbare skole. Dit moes dan aangevul word met lees en studie onder leiding, gedurende die ses maande aan die skole. Indien 'n kandidaat aan die einde van die tweejarige voorbereidende kursus nie gereed sou wees vir die werk van die derdeklas-kursus nie, moes hy nog 'n jaar aanbly.<sup>1)</sup> Hierdie voorbereidende opleiding het blykbaar die vroeëre reëling van ses maande proefonderwys by die bestaande kolleges vervang.<sup>2)</sup>

Vanaf die begin van 1923 het daar 'n groot verandering gekom met betrekking tot die aantal gematrikuleerde kandidate wat hulle vir opleiding aan die normaalkolleges aangemeld het, sodat die noodsaaklikheid om studente deur middel van die voorbereidende kursus vir onderwysersopleiding voor te berei, gaandeweg verminder het.<sup>3)</sup>

As gevolg van die ooreenkoms van 1920 tussen die onderwysdepartement en die bestaande universiteite,

---

1) T.O.D. Verslag, 1918, p. 39.

2) By die Pretoriase Normaalkollege, bv. het die kwekelingstelsel vir die derdeklas-sertifikaat nog tot die einde van 1919 in swang gebly. (Oberholzer, C.K. Die Pretoriase Normaalkollege, p. 75.)

3) Kellermann, a.w., p. 286.

kon alle studente 'n gekombineerde akademiese en professionele kursus gelyktydig aan die normaalkollege en die naaste universiteit volg.<sup>1)</sup>

Hierdie nuwe reëling het ook belangrike veranderinge ten opsigte van die praktiese opleiding ten gevolg gehad. Wat die verdeling van die studente se tyd tussen die universiteit en die kollege betref, is van die studente aan die Pretoriase Normaalkollege bv. verwag om een voormiddag sekere professionele kursusse of demonstrasies by te woon voordat hulle na die universiteit gaan. Studente is ook individueel van die lesings weggeroep vir gereelde oefening in die gee van lesse onder toesig van die personeel van die normaalkollege.<sup>2)</sup>

Die nuwe samewerking met die universiteite het ook sy probleme opgelewer. So rapporteer die prinsipaal van die Johannesburgse Normaalkollege bv. dat die neiging by studente ontstaan het om professionele bekwaamheid as iets minder belangriks te beskou.<sup>3)</sup> Die destydse direkteur van onderwys, mnr. H.S. Scott, het hom later verplig gevoel om te reageer op kritiek wat uitgespreek is teen die onderwysers wat 'n goeie akademiese opleiding gekry het, maar nie die omstandighede van veral die klein plattelandse skole geken het nie soos die geval was by die ou onderwysers wat as kwekelinge opgelei is, nie.

---

1) a.T.O.D. Verslag, 1920, p. 50-1.

b. Oberholzer, C.K., a.w., p. 75.

2) T.O.D. Verslag, 1921, p. 96.

3) T.O.D. Verslag, 1922, p. 54.

Hy verklaar o.a. in 1925: „Die ruimer intellek en die groter kennis sal in die loop van 'n kort tyd 'n meer doeltreffende onderwyser produseer".<sup>1)</sup>

Intussen het verskillende kolleges doelbewuste pogings aangewend om hulle studente in voeling te bring met veral toestande op die buiteskole. By die Potchefstroomse en Heidelbergse Normaalkolleges is studente in die loop van die jaar by verskillende plaasskole geplaas sodat hulle in direkte kontak met dié skole se praktiese probleme kon kom, veral met betrekking tot die groepstelsel.<sup>2)</sup>

Waar die eerste drie kolleges in die beginjare 'n redelik eenvormige patroon van oefenonderwys gevolg het, het die stelsels by die onderskeie kolleges met die jare allerlei veranderings ondergaan.

Te oordeel na die gegewens in die departementele jaarverslae, het veral die Johannesburgse Onderwyskollege hulle stelsel by talle geleenthede gewysig. In die proses het hulle verskillende skemas beproef om die opleiding wat studente deur middel van oefenonderwys ontvang het, so doeltreffend moontlik te maak.

Vanaf 1926 is alle studente, met uitsondering van die nuwelinge, in skole geplaas vir vier weke onafgebroke oefening voor die begin van die universi-

---

1) T.O.D. Verslag, 1925, p. 23.

2) a) Rademeyer, J.I., a.w., p. 41.

b) T.O.D. Verslag, 1924, p. 20-1).



teitslesings. Die studente wat met hulle laaste kursusjaar sou begin, is in skole so na as moontlik aan die kollege geplaas. Hulle het 'n intensiewe kursus in praktiese onderwys gevolg en is gereeld deur die kollegepersoneel besoek wat hulle lesse gekritiseer het.<sup>1)</sup>

'n Verdere wysiging is in 1927 aangebring toe studente behalwe die tydperke van onafgebroke oefenonderwys, ook nog weeklikse besoeke vir kritiek- en demonstrasielesse aan skole gebring het.<sup>2)</sup> Hierdie gebruik is in 1929 weer verander na twee besoeke per week dwarsdeur die jaar.<sup>3)</sup>

Hierdie kollege se hele stelsel van oefenonderwys is in 1937 drasties verander en soos volg georganiseer:

(a) Nuwelinge word vir vier weke voor die begin van die universiteitsjaar na skole gestuur. As motivering word genoem dat met hierdie reëling studente vroeg in die geleentheid gestel sal word om die skool van die ander kant van die skoolbanke af te beskou ~~en~~<sup>wat</sup> hulle in staat sal stel om hulle keuse van die beroep te toets voordat hulle onnodige onkoste aangaan. Verder sal dit skoolhoofde die geleentheid bied om die kollege te help om die heeltemal onbevoegdes so vroeg moontlik uit te skakel.

---

1) T.O.D. Verslag, 1926, p. 58.

2) Ibid., 1927, p. 55.

3) Ibid., 1929, p. 31.

(b) Tweede- en derdejaar- (nie afstuderende) studente begin nou hulle oefenonderwys met die ope= ning van die skole in plaas van twee weke later. As rede vir hierdie besluit word genoem dat die begin van die jaar waardevolle ondervinding aan die student bied omdat sekere aktiwiteite slegs aan die begin van die jaar plaasvind, soos opstel van lesroosters, hulp met oorplasinge en toelating van leerlinge, ens. Aan die begin van die jaar is daar ook dikwels vaka= tures in die skoolpersoneel, sodat studente in staat gestel kan word om voltyds klas te gee.

(c) Afstuderende studente gee oefenonderwys vir twee tydperke van drie weke elk. Kritiek- en demon= strasielesse word twee dae per week dwarsdeur die jaar gereël. By wyse van proefneming is studente teen die einde van die jaar vir één van die tydperke van drie weke na skole uitgestuur. Dié reëling was egter nie 'n sukses nie aangesien studente self moeg was na die eksamen en die leerlinge ook nie vir nuwe werk lus was nie.<sup>1)</sup>

Nog 'n wysiging word in 1940 vermeld. Op ver= soek van die skoolhoofde en van die departement word besluit om weg te doen met die gebruik om stu= dente vir twee dae per week na skole te stuur vir kritiek- en demonstrasielesse. Dit het natuurlik nie die drie weke proefonderwys aan die begin van die jaar geraak nie. In plaas daarvan is studente toe aan die begin van elke kwartaal vir drie weke oefen= onderwys uitgestuur.<sup>2)</sup>

---

1) T.O.D. Verslag, 1937, p. 122-3.

2) Ibid., 1940., p. 54.

Ook die ander kolleges het van tyd tot tyd hulle oefenonderwysstelsel gewysig. Die volgende beskrywing van hoe oefenonderwys deur die jare by die Pretoriase Normaalkollege gereël is, is in 'n groot mate tipies van die pogings wat ook by die ander kolleges aangewend is om 'n bevredigende stelsel te ontwerp: „Die stelsel van proefonderwys het nogal baie gewissel: van ses weke per jaar oor vier kwartale, na twee dae per week, na een dag per week wanneer alle studente wat met hulle professionele opleiding besig was, die skole besoek het, na elke dag wanneer die dosente al na gelang hulle roosters aan die inrigting dit toelaat, 'n paar studente wat vir die besondere dag uitgeplaas is, gaan besoek het".<sup>1)</sup>

Die onderwys<sup>ers</sup>stekort wat in die vyftigerjare na die tweede wêreldoorlog ernstige afmetings aangeneem het, het ook 'n invloed op die kolleges se stelsels van oefenonderwys gehad. By die Pretoriase Onderwyskollege is in 1951 'n verandering in die gebruikelike oefenonderwys aangebring deurdad die damestudente in die laaste jaar van die driejarige diploma-kursus vir 'n kwartaal in voltydse hoedanigheid in vakante poste aan Johannesburgse skole waar die departement dit moeilik gevind het om leerkragte te voorsien, benoem is.<sup>2)</sup> Ook by die Johannesburgse en die Potchefstroomse Onderwyskolleges moes die derdejaar professionele studente in opdrag van die

---

1) Oberholzer, C.K. Die Pretoriase Normaalkollege, p. 74.

2) T.O.D. Verslag, 1951, p. 166.

departement vir 'n kwartaal voltyds onderwys gee en sodoende hulle oefenonderwys in een tydperk afhandel. In sommige gevalle is die studente glad nie deur die kollegepersoneel gekontroleer nie. Oor hierdie stelsel, wat as noodmaatreël ingevoer is, rapporteer die destydse rektor van die Johannesburgse kollege soos volg: „The only argument for this system is that of expedience. From the training angle the disadvantages and defects are altogether preponderant and emphatically so where the schools are not within convenient reach of lecturers”.<sup>1)</sup>

Die toename in die studentetal aan die onderwyskolleges het mettertyd ook groot aanpassings ten opsigte van die plasing van studente by skole meegebring. Die studentetal aan die onderwyskolleges van Pretoria, Johannesburg, Heidelberg en Potchefstroom het vanaf 1950 meer as verdubbel, nl. van 1461 in 1950 tot 2950 in 1955.<sup>2)</sup> By die Pretoriase Onderwyskollege is die kwota studente per skool bv. van 6 na 12 tot 15 opgeskuif en is plattelandse skole tot by Rustenburg, Nylstroom en Witbank gebruik. Teen 1959 het die gesamentlike studentetal tot amper 4,000 gestyg en moes die direkteur van onderwys rapporteer dat die verkryging van voldoende geleenthede om vir die groot getalle studente praktiese ervaring in klaslokale te laat opdoen, ernstige hoofbrekens gee. Ook vir dosente word dit moeiliker om al die studente te bereik.<sup>3)</sup>

---

1) T.E.D. Report, 1953, p. 183.

2) T.O.D. Jaarverslae, 1951, p. 146-67 en 1955, p. 170-86.

3) Ibid., 1959, p. 24.

(2) Praktiese opleiding aan die opleidingsinrigtings.

Alhoewel daar in die rektore- en direkteursverslae selde na aspekte van die praktiese opleiding aan die opleidingsinrigtings verwys word, kan eerstens aanvaar word dat, afgesien van die gebruik wat in die jare 1910-1935 by sommige inrigtings van oefen- en demonstrasieskole gemaak is,<sup>1)</sup> daar by kolleges wel ook gebruik gemaak is van demonstrasielesse deur dosente en studente. So is bv. by die Heidelbergse Onderwyskollege in die veertigerjare ruimskoots van demonstrasielesse by die kollege gebruik gemaak. Demonstrasielesse in die tweede taal, wat deur 'n dosent in Engels gegee is, is selfs deur personeellede van die skole bygewoon. Vanaf 1943 is weeklikse demonstrasielesse en kritieklesse by die kollege ingevoer. Vir die doel is klasse van 'n plaaslike laerskool gebruik. Die lesse, wat of deur 'n dosent of deur 'n student gegee is, is gewoonlik opgevolg met 'n bespreking van die les en oor moontlike metodes vir soortgelyke lesse.<sup>2)</sup>

Wat die aandeel van die kolleges in die studente se voorbereiding vir algemene leierskap in die skool en vir die breë gemeenskap betref, verskyn daar enkele verwysings in die rektore-verslae dat kolleges hierdie aspek van studente se opleiding as belangrik beskou en dit ook doelbewus bevorder het.

---

1) Kyk p. 152-163.

2) a) T.O.D. Verslag, 1943, p. 94.

b) Rademeyer, J.I., a.w., p. 69.

Die prinsipaal van die Potchefstroomse Onderwyskollege maak bv. in 1937 melding van die kollege se pogings om studente praktiese ondervinding van leierskap te laat opdoen deur hulle hul eie huishoudelike (studente-) ondernemings en skoolondernemings te laat organiseer.<sup>1)</sup> Die idee dat die onderwysstudent hom ook vir algemene leierskap in die samelewing moet voorberei, vind ook weerklank in 'n latere jaarverslag van die Heidelbergse Onderwyskollege. Die prinsipaal rapporteer dat die studente besef dat hulle nie net in die klaskamer sal moet optree nie, maar ook in die sosiale en geestelike lewe van hulle omgewing 'n rol sal moet speel. Gevolglik strewende studente daarna om hulle vir sodanige pligte voor te berei deur ywerig deel te neem aan studente-organisasies, ens.<sup>2)</sup>

Nog later beklemtoon die hoof van die Potchefstroomse Onderwyskollege weer eens dat die kollege se opleiding „die breed gefundeerde leerkrag vir beide professie en maatskappy” beoog, en wel op die volgende wyses:

- (a) Opleiding in die lesingsaal.
- (b) Opleiding in die koshuise en die organisasie en verpligtinge wat daarmee gepaard gaan.
- (c) Opleiding in die studente-samelewing.
- (d) Opleiding op die ontspanningsterrein.
- (e) Opleiding op sosiaal-maatskaplike ter-

---

1) T.O.D. Verslag, 1937, p. 126.

2) Ibid., 1940, p. 50.

rein by wyse van die kollege se sosiale bedrywighede.1)

Die huidige posisie ten opsigte van die praktiese opleiding aan die provinsiale onderwyskolleges, is ingesluit in die empiriese gedeelte van hierdie ondersoek.

### 3. Opleiding by ander inrigtings

Behalwe die onderwyskolleges onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement, maak universiteite en tegniese kolleges al vir baie jare voorsiening vir die opleiding van onderwysers.

Die Universiteit van Pretoria het reeds in 1914 begin met opleiding vir die eersteklas-onderwyser-sertifikaat<sup>2)</sup> en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir dieselfde sertifikaat vanaf 1921.<sup>3)</sup> Hierdie twee universiteite het deur die jare volgehou met die opleiding van onderwysers en ook geleidelik, soos die behoeftes ontstaan het, hulle opleidingskursusse uitgebrei. Die Universiteit van Pretoria het in 1968 'n elftal onderwyskursusse aangebied vir verskillende middelbare, laer- en kleuterskool-diplomas, asook in 'n verskeidenheid spesialiseringsrigtings.<sup>4)</sup> Die Potchefstroomse Universiteit bied ook opleiding vir

---

1) T.O.D. Verslag, 1947, p. 104.

2) Universiteit van Pretoria. Jaarboek, 1968, p. 27.

3) Coetzee, J. Chr. Onderwys in Transvaal, p. 164.

4) Universiteit van Pretoria. Jaarboek, 1968, p. 458-486.

die laer- en middelbare skool aan asook sekere spesialiseringkursusse.<sup>1)</sup> Die Universiteit van die Witwatersrand het nog nooit voorsiening vir die basiese opleiding van onderwysers gemaak nie, alhoewel dit tans net soos die ander twee universiteite, gevorderde nagraadse opleiding in die Opvoedkunde aanbied.<sup>2)</sup> Die Randse Afrikaanse Universiteit het pas in 1968 begin funksioneer en bied nog slegs gevorderde nagraadse opleiding in die Opvoedkunde aan.<sup>3)</sup>

Die Witwatersrandse Tegniese Kollege is as sodanig in 1925 gestig<sup>4)</sup> en die Pretoriase Tegniese Kollege in 1926.<sup>5)</sup> Dit is nie duidelik presies wanneer hierdie inrigtings met die opleiding van onderwysers begin het nie, maar in die 1926-jaarverslag van die Departement van Onderwys (Unie-onderwysdepartement) word onder andere gemeld dat die opleidingskollege van die Witwatersrandse Tegniese Kollege uitgebrei is en dat sekere gelde van toekomstige onderwysers-in-opleiding ontvang is.<sup>6)</sup> Die Witwatersrandse Tegniese Kollege se afdelings wat onderwysersopleiding onderneem, het in die jongste jare almal as selfstandige inrigtings onder beheer van die Departement van Hoër Onderwys ontwikkel.

- 
- 1) Potchefstroomse Universiteit. Jaarboek, 1968, p. 377-90.
  - 2) a) Coetzee, J. Chr. Onderwys in Transvaal, p. 213.  
b) Universiteit van die Witwatersrand. Jaarboek 1968, p. 167.
  - 3) Randse Afrikaanse Universiteit. Prospektus, 1968.
  - 4) Unie van Suid-Afrika. Jaarverslag van die Departement van onderwys vir 1926, p. 19.
  - 5) Ibid., p. 22.            6) Ibid., p. 19.



Hierdie inrigtings is die Johannesburgse Onderwyskollege vir Huishoudkunde, die Kunsskool, Johannesburg en die Opleidingskollege vir Kleuterskoolonderwyseresse. By die Pretoriase Tegniese Kollege is die departement Onderwysersopleiding vir die professionele opleiding van al die spesialiseringssusse verantwoordelik.<sup>1)</sup> Anders as die geval by die provinsiale onderwyskolleges, vorm onderwysersopleiding by die universiteite en tegniese kolleges slegs 'n klein onderdeel van hulle totale bedrywighede. Die beskikbare gegewens oor die ontwikkelingstendense van onderwysersopleiding, veral aan die tegniese kolleges, is slegs fragmentaries. Om 'n beeld van die ontwikkelingstendense van 'n faset van hierdie opleiding, te wete die praktiese opleiding te vorm sal vir die doel van hierdie studie nie die moeite loon nie.

Die huidige posisie ten opsigte van die praktiese opleiding van onderwys-studente aan die betrokke inrigtings, is ingesluit in die empiriese gedeelte van hierdie ondersoek.

---

1) Pretoriase Tegniese Kollege. Prospektus, Departement Onderwysersopleiding, 1968.